SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING
SA HUNTERS & GAME CONSERVATION ASSOCIATION
Tel: +27 (0) 12 808-9300 • Faks / Fax: +27 (0) 12 808-9344 • E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za • Posbus / PO Box 1952 Montana Park, Pretoria, South Africa, 0159

(JC01) JUNIORS (ONDER 18 JAAR) SKIETOEFENING

1) Inleiding

Die doel van hierdie skietoefening is om aan Juniors jonger as 18 jaar oud die geleentheid te bied om op 'n gestruktureerde basis aan 'n skietoefening binne die SAJWV deel te neem en op gelyke basis teen mekaar mee te ding. Veilige wapenhantering en basiese skietposisies word beklemtoon in die skietoefening.

2) Ouderdom

Om te kwalifiseer as 'n Junior (onder 18 jaar) moet die junior op 1 Januarie nog nie 18 jaar oud wees nie. So 'n persoon kan dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (onder 18 jaar) skietoefening.

3) Aftand

JC01-A VEERLUGGEWEER: 15 m, **JC01-B DRUKLUGGEWEER:** 15m, 20m en 25m, **JC01-C RANDSLAG:** 15m, 25m en 50m

4) Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" – dokument: J006.35.01A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5) Gewere en kalibers

JC01-A VEERLUGGEWEER:
Vir die skietoefening word slegs veer ("spring") luggeweer tot 'n maksimum van .177 kaliber toegelaat.

JC01-B DRUKLUGGEWEER:
Vir die skietoefening word slegs enige drukluggeweer tot 'n maksimum van .177 kaliber toegelaat.

JC01-C RANDSLAG:
Vir die skietoefening word slegs grendel aksie gewere toegelaat tot 'n maksimum van .22 kaliber toegelaat.
Alleenlik .22 lank en .22 kort word toegelaat.

6) Visiere of teleskope

Geen beperking op visiere of teleskope nie.

7) Unieke veiligheidsmaatreëls

Luggewere is nie vuurwapens nie, maar kan ernstige beserings veroorsaak en moet te alle tye veilig hanteer word soos vuurwapens.
Hierdie skietoefeninge moet gebruik word om juniors die basiese veiligheidsmaatreëls soos by vuurwapens van toepassing, aan te leer. Wanneer 'n skut met 'n randslag wapen deelneem moet die wettige lisensie houer van die wapen teenwoordig wees.

Slegs een helper per skut word toegelaat. Helpers kan skuts bystaan gedeurende die eerste proefskote waar wapens bevestig word. Na afhandeling van proef skote moet helpers die skietpunt verlaat. Geen kommunikasie vanaf toeskouers of helpers met skuts op die vuurpunt sal toegelaat word nie.

8) Oefening

8.1 ONDERSTEUNING: Die juniors gebruik skietstokke volgens item 3.2 van die Universele Reëls by skietoefeninge vir ondersteuning en geen ander vorm of wyse van ondersteuning word toegelaat nie.

8.2 TYDSBEPERKING: 5 minute per oefening van 5 skote vir 'n totaal van 15 skote

8.2.1 Nadat skietpunt opgestel is kry skuts 5 minute vanaf vanaf die vêrste afstand om 'n aantal onbepaalde proewe te skiet en wapens te bevestig. Na afloop van proefskoete bevestig baanoffisier dat geen dwaal skote op tel digramme geskiet was nie, indien wel moet die gekanseleer word.

8.2.2 Indien 'n skut proefskote wil skiet wanneer die afstande verander, staan dit hom/haar vry, maar geen ekstra tyd sal daarvoor toegelaat word nie.

8.3 SKIETOEFENINGE

JC01-A VEERLUGGEWEER:

(A) Vanaf **15 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die sitposisie met geen addisionele ondersteuning.
(B) Vanaf **15 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die knielposisie met geen addisionele ondersteuning.
(C) Vanaf **15 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die vryhand geen addisionele ondersteuning.

JC01-B DRUKLUGGEWEER:

(A) Vanaf **25 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die lê posisie met beperkte ondersteuning slegs voor.
(B) Vanaf **20 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die knielposisie met geen addisionele ondersteuning.
(C) Vanaf **15 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die vryhand geen addisionele ondersteuning.

JC01-C RANDSLAG:

(A) Vanaf **50 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die lê posisie met beperkte ondersteuning slegs voor.
(B) Vanaf **25 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die sitposisie met geen addisionele ondersteuning.
(C) Vanaf **15 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die vryhand geen addisionele ondersteuning.

9) Erkenning

Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **90, 105** en **120** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **150**.

10) Teiken

Die teiken is die S03 teiken en is by die SAJWV Jagterswinkel beskikbaar. Ware teiken grootte A3 (29.5cm x 42cm)



Voorbeeld



(A) 'n Skoot wat buite die tel-area van 'n diagram val, kry 'n nul telling.
(B) Waar die koeëlgat aan 'n lyn raak sal die hoër waarde aan die skoot toegeken word. [6]
(C) Indien daar meer as vyf skote per tel-diagram geskiet is, word die skut met die hoogste tellers gepenaliseer vir die aantal skote te veel op die diagram.
(D) Die totale telling wat behaal kan word, is 150. Proefskote word links bo en regs bo geskiet op die diagramme voorsien.